The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.


| Publication | | |
|---|---|---|
| MESSENGER | | |
| Page | Date | AVE (ZAR) |
| 6 | Fri 12 Jan 2018 | 1490.18 |


# SARAO sluit ooreenkoms om grond te bewaar

**'n Reuse natuurreservaat word beplan waarvolgens die Suid-Afrikaanse Astronomie Sterrewag (SARAO) 'n Interne Memorandum van Ooreenkoms gesluit het met die Suid-Afrikaanse Omgewings Waarnemings Netwerk (SAEON) om die Geïntegreerde Omgewingsbestuursplan (GOBP) namens die SKA-projek in Suid-Afrika te implementeer.**

**SARAO en SAEON is albei Nasionale Navorsingsfasiliteite wat deur die Nasionale Navorsingstigting bestuur word.**

Die GOBP is die resultaat van die Strategiese Omgewingsassessering van die SKA-projek wat deur die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) gedoen is in opdrag van die Department van Wetenskap en Tegnologie.

Die SKA-projek wat tans in die Karoo gebou word, word deur SARAO bestuur.

Dr Rob Adam, Besturende Direkteur van SARAO, sê: "Die ooreenkoms sal ons in staat stel om op ons perseel vir radio astronomie-waarneming ook waarneming vir omgewingsbewaring te doen."

Die GOBP stel riglyne voor vir die manier waarop die SKA radioteleskoop gebou en bestuur moet word binne die omgewing en die maatreëls wat onderneem moet word om die omgewingsimpak te versag en die voordeel te vergroot.

Die GOBP is 'n lewende dokument wat elke vyf jaar hersien sal word, volgens die veranderende vereistes van die area en sy inwoners. Die GOBP sluit ook 'n moniterings en oudit program in wat van tyd tot tyd hersien sal word om voorsiening te maak vir aanpassings in die dinamiese omgewings monitering raamwerk.

Die Interne Memorandum van Ooreenkoms sluit in verskeie ondernemings en mikpunte waarop SARAO en SAEON ooreengekom het. Sowat 130,000 hektaar grond in die Karoo word geraak deur die ooreenkoms.